Aanbidding in 'n missionêre gemeente

Breda Ludick

'n Goeie 18 jaar gelede het ek in 'n vergadering die belangrikheid van aanbidding sterk onderstreep. 'n Ander predikant (een met 'n groot sendinghart, vir wie ek al die jare nog groot respek het) het skerp gereageer: "Dit is wat almal sê wat die kerk 'n passiewe Sondagoggend-kerk hou!"

Dit raak al duideliker dat hierdie onderskeid tussen aanbidding en missionêre aktiwiteite nie water hou nie. Die een is van die ander afhanklik in gesonde gemeentes. Ons het nie die keuse tussen passiewe en aktiewe geloofsbelewing nie.

Aanbidding ten koste van missionêre aktiwiteit is 'n oefening in doodsheid. Dit neem ons in 'n onafwendbare afwaarse spiraal van doodsheid. Die rede daarvoor is eenvoudig: ten spyte van al die vroom woorde is dit nie besig met God nie. God is in sy wese besorgd oor 'n wêreld in nood. Aanbidding waar God sentraal staan en waar mense met passie na Hom soek, ontdek hierdie feit Sondag na Sondag.

Die prentjie wat by my opkom is dié van die gemeente van Laodicea in Op 3 – die lou gemeente. Openbaring 3:20, waar Christus sê dat Hy by die deur staan en klop is gereeld individualisties gelees as 'n oproep tot individuele bekering. Hierdie woorde word egter tot 'n gemeente gerig. Die gemeente in Laodicea hou erediens op 'n Sondagoggend. (So speel die toneeltjie in my ooraktiewe verbeelding af.) Die hele tyd is daar 'n geklop aan die toe deur. Die gemeente hoor dit nie meer nie; hulle is al gewoond daaraan. Die verskriklike ding is dit: dit is Christus wat uitgesluit is. Hy verlang om in te kom en te kom nagmaal hou saam het hulle.

Ek glo nie dit is toeval dat die volgende hoofstuk van Openbaring slegs 3 verse later begin met die gesig van 'n geopende deur nie. En wat volg op die oopmaak van die deur is 'n ontmoeting met God, maar 'n ontmoeting met die God met die boekrol in sy hand, waarin sy plan vir die wêreld opgeteken is; 'n boekrol waarvan die seëls gebreek word deur die Lam wat geslag was. Die res van Openbaring kom weer en weer terug na aanbidding en die gelowiges se betrokkenheid by die uitvoering van God se plan – tot op die punt van martelaarskap.

Maar *missionêre aktiwiteit ten koste van aanbidding* verloor mettertyd sy stoom en sy fokus. Dit neig om te versand in visielose pligpleging en beland

maklik in doodloopstrate. Ons hou nog eredienste, ja, maar die fokus is eerder op ons aktiwiteite as op God. Ons adverteer, werf, rapporteer, samel in... Noodsaaklike aktiwiteite, maar as dit aanbidding verdring, is ons mettertyd in die moeilikheid.

As ons dink aan missionêre aktiwiteit as medewerking met God aan *sy* missie in hierdie wêreld, het ons nodig om sensitief te wees vir sy teenwoordigheid in ons wêreld. God is hier, maar ons oë en ore en harte is nie ingestem op sy frekwensie nie. Daarvoor het ons tye nodig waar ons alles eenkant toe skuif en net op God fokus. Missionêre aktiwiteit vra geloofsonderskeiding en geloofsonderskeiding kom net as ons ons verhouding met God koester en vertroetel en tyd daaraan afstaan. Slegs dan ontwikkel daar 'n sensitiwiteit vir God se wil en vir God se leiding. Geloofsonderskeiding is nie 'n tegniek nie. Dit is iets wat ontstaan uit 'n diep afhanklikheid wat groei uit kontak met God.

Die soort visieloosheid wat dikwels by mense posvat wat hulle gee vir missionêre aktiwiteite waar aanbidding afgeskeep word, lei op die lang termyn by baie tot uitbranding. Dit laat my dink aan 'n vriend wat vir my vertel hoe sy vrou na 'n hewige besige week en –naweek volgepak met kerklike aktiwiteite na hulle Sondag middagete op die rusbank neergesak het. Toe hy vir haar na 'n ruk roep om saam te gaan na 'n volgende aktiwiteit wat die middag plaasvind, sê sy vir hom, "Gaan jy kerk toe. Ek sal sommer hier lê en glo!" Mense kom op 'n punt waar hulle nie meer die energie het om vol te hou nie, want hulle is nie meer genoegsaam in kontak met die Bron van energie wat hulle aanvanklik hierdie weg laat inslaan het nie. En mense verloor ook hulle gevoel dat dit waarmee hulle besig is rég en goed is, omdat hulle nie meer die gevoel het dat hulle agter die Herder aanstap nie.

Die grootste gevaar so 'n dekade of wat gelede was dat ons 'n passiewe geloof sou aanwakker met ons manier van gemeentewees – dié soort geloof wat Jakobus tereg bestry het. Deesdae lê die gevaar in gemeentes met 'n klem op missionêre aktiwiteit na die ander kant toe. Ons kan so besig raak met al ons wonderlike aktiwiteite dat ons verval in selfingenomenheid en ideologiese gedrewenheid en kontak verloor met die Een wat ons stuur en roep.

Dit gaan hier oor missionêre identiteit. Die groot vraag is, "Wie is ons?" Of, anders gestel, "Wie s'n is ons?" Die oortuiging dat ons God se eiendom is en dat ons diepste identiteit daarin lê dat ons deel is van die werk van God in

hierdie wêreld kom nie vanself nie. Dit kom in die ontdekking van Wie God is in ons tye van aanbidding, maar ook daar waar ons sy hand in die wêreld leer raaksien. Beide aanbidding en missionêre aktiwiteite is hiervoor nodig.

Ek en my vriend met die sendinghart het mekaar sommer al in daardie eerste gesprek gevind. Oor jare heen het ons oor en oor ontdek dat ons mekaar nodig het – ek met my hart vir aanbidding en hy met sy hart vir die missionêre bediening. In die proses is ons albei – en hopelik die kerk ook – ryker.